

## Sing vooraf: Psalm 119:57 (p. 597)

57 'k Het gesien die trouelose / en gesmaak hoe hul U smaad,  
maar dit wek in my 'n walging / dat hul, HEER, u woord verlaat.  
Merk tog hoe dat u bevele / soetste spys is van my gees;  
maak my lewend na die woorde / wat vir ewig waar sal wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 128:1, 4 (p. 627) (In vers 4: sing **ons** in die plek van **jy** en **jou**)

1	Wie deur Gods vrees bewoë, trou op die weg wil gaan, waar hom Gods wil voor oë en klaar getekend staan die arbeid van sy hande sal hy met vreug geniet wanneer die koringlande met seen hul opbrings bied.	4	Mag ryke seëninge uit Sion <b>ons</b> bedou; mag <b>ons</b> dié goeie dinge van Sionstad aanskou! mag <b>ons</b> nog, op <b>ons</b> bede, 'n nakroosseen verkry! En, God van alle vrede, mag Isr'els vrede bly!
---	---	---	--

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 107:4 (p. 534)

4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan  
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan;  
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,  
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Skriflesing: Psalm 128

Teks: Psalm 128:2; Kategismus Sondag 50

**Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed!** (Psalm 128:2 AFR1953)

'n Lui mens kan eintlik nie 'n gebed bid met hierdie strekking dat die Here hom moet seën dat dit met hom goed gaan sodat hy van die opbrings van sy handewerk kan eet nie. Of, soos die *Onse Vader* dit leer: Gee ons vandag ons daaglikse brood.

- Want dit is ondenkbaar om te verwag dat die Here vir ons kos en klere sal gee, en dat ons dit dag vir dag op 'n wonderbaarlike manier in die hande sal kry sonder dat ons werk.
- As ons bid vir daaglikse versorging, dan bid ons dit in die eerste plek as 'n seën op ons daaglikse werk.
- Daarom staan daar in Psalm 128 geskryf dat deel van die goddelike seën is dat jy van die vrugte van jou werk mag geniet.

Dit lyk asof die *Onse Vader* baie rondspring, want die vorige bede was dat die Here sy wil op die aarde moet laat geskied soos wat Hy dit in die hemel laat geskied – en nou bid ons vir brood.

- Maar as jy fyn is in jou geloof, sal jy dadelik besef dat daar 'n baie noue verband is tussen hierdie twee bedes, want jy bid inderdaad dat God aan jou brood moet gee deur sy wil te laat geskied op die aarde.
- God se opdrag aan ons was dan: Bewerk die aarde! Dit is dus niks anders nie as sy wil dat ons moet (en mag) werk!

Ons tydelike belange en die ewige raad van God is nie twee wêrelde nie.

- Dit is steeds skakels van een en dieselfde ketting.
- Die gebed is net ons erkenning dat ons in die tydelike ook van God se ewige krag afhanklik is, en dat ons sonder sy wil en seën niks in die tydelike lewe sal kan regkry nie.

Kyk dadelik na die verskil tussen die gelowige en die ongelowige:

- Die ongelowige redeneer dat God nie sy salaristjek vir hom gee nie, want hy werk self daarvoor.
- Daarteenoor besef die gelowige dat dit nie waar is nie, want die eerste stuk van die seën is al klaar die feit dat hy mag werk.

Daar is baie werklose mense wat geen werk kan kry nie, en wat dus nie behoorlik kan leef nie.

- God se wil beskik dus dat ons werk het, en die voorreg om deur die vergoeding wat ons daar ontvang, te mag koop en klee en eet.
- God skep dus middele, en as ons hierdie gebed bid, dan bid ons baie diep afhanklik dat die Here ons in die bevoorregte posisie stel dat ons die arbeidsdeel van ons roeping mag uitvoer.

Die tweede aspek van die gebed vra dat die Here ons werk mag seën.

- Brood alleen hou mens nie aan die lewe nie.
- Geld en besittings help in hierdie lewe baie, maar sonder die seën van God beteken dit niks. Hierdie aardse besittings neem ons nie hemel toe nie.
- Daarom het ons ook mos 'n spreekwoord wat sê dat die doodskleed nie sakke het nie.

Dit beteken doodeenvoudig dat die seën op ons werk daarin bestaan dat ons die Here se eer ook in ons dagtaak laat skyn, en dat die Here se koninkryk ook kom in ons werk.

- Ons bid dus dat ons instrumente in die Here se wil mag wees wat vir sy eer werk, en nie teen sy eer nie.

Die seën van die Here is dus nie altyd sigbaar nie.

- Welvarendheid is baie keer 'n duidelike gevolg van God se seën.
  - Ons het ook voorbeelde daarvan in die Bybel, byvoorbeeld Job, Abraham en Salomo.
- Maar die Here se seën is oor iemand wat arm is en wat miskien minder lewensmiddele het, nie kleiner as oor die ryke nie, omdat 'n groot deel onsigbare seën daaraan gekoppel is wat eers in die hiernamaals duidelik sal word.

*Daar is dus ook geloofseën gekoppel aan ons daaglikse werk.*

Die derde aspek van hierdie bede is sekerlik dat ons daarmee ook bid in die vertroue dat God sy beloftes aan ons hou.

- Die Here beveel ons juis om te bid vir die dinge wat ons nodig het.
- Wanneer ons dan bid vir arbeidsvreugde en arbeidseën, dan moet ons ook die vertroue hê dat die Here dit wel sal gee.

Die Here het nog al sy beloftes aan ons vervul.

- Daarom sal dit dwaas wees om op onself te vertrou, want ons kan nie uit onself enigiets vermag nie.

- Dit sal nog meer dwaas wees om op enige ander mag, behalwe God, ons vertrou te stel vir die verhooring en vervulling van ons gebed.
- Ons moet veral ons vertrou op God stel ten opsigte van die dinge wat alles uit ons arbeid moet voortkom, soos:
  - die middele wat ons ontvang
  - en die seën en bevordering wat deur ons arbeid moet kom
- Al die dinge kan net gebeur as God dit voorsien.

As ons biddend die wil van God doen – ook in ons dagtaak en in ons dankbaarheid vir die lewensmiddele wat ons ontvang – dan verseker hierdie dinge ons ook weer van ons uitverkiesing, en versterk dit vanself ons geloof.

Die Here het gesê dat die lelies deur God versorg word – en ons is meer werd as lelies. Ook die voëls word deur die Here onderhou – hoeveel te meer nie ons wat sy kinders is deur sy Seun Jesus Christus nie!

- Om dus te bid vir brood uit die Here se hand is om te erken dat alles van God af kom en dat ons sy wil wil gehoorsaam deur te werk.
- Maar dit is ook om God van harte te dank vir
  - die middele wat Hy gee,
  - asook die voorreg en geleentheid om vir Hom te mag werk,
  - en om Hom te aanbid en te vertrou tot in ewigheid.

Kom ons lees saam Kategismus Sondag 50.

**Vraag 125: Wat is die vierde bede?**

**Antwoord:** Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: *Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorges en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrou van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).*

*(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.*

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
 laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
 Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
 die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking;  
 maar verlos ons van die Bose. / Van U is die ryk en die sterkte en die ere,  
 vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
 Gereformeerde Kerk Bellville  
 Datum: 13 Januarie 2008 (aand)